

Titel: GPS vir Noupoot
Pastoor: De Waal Esterhuizen
Datum: 30 Januarie 2011
Tyd: 09h30



Mat 7:13-14

¹³ Gaan in deur die nou poort, want breed is die poort en wyd is die pad wat na die verderf lei, en daar is baie wat daardeur ingaan.¹⁴ Want die poort is nou en die pad is smal wat na die lewe lei, en daar is min wat dit vind.

Jes 35:8-9

⁸ En dáár sal 'n grootpad wees en 'n weg wat die heilige weg genoem sal word; geen onreine sal daarop voorttrek nie, maar vir hulle sal dit wees; wie die weg bewandel—selfs die dwase sal nie dwaal nie. ⁹ Dáár sal geen leeu wees nie, en geen verskeurende dier sal daarop kom of daar aangetref word nie; maar die verlostes sal daarop wandel;

Mat 5:8

Salig is die wat rein van hart is, want hulle sal God sien.

Heb 10:14

Want deur een offer het Hy vir altyd volmaak die wat geheilig word.

Heb 10:16, 22

¹⁶ want nadat Hy tevore gesê het: Dit is die verbond wat Ek met hulle sal sluit ná dié dae, spreek die Here verder: Ek sal my wette gee in hulle hart, en in hulle verstand sal Ek dit inskrywe,... ²² laat ons toetree met 'n waaragtige hart in volle geloofsversekerdheid, die harte deur besprenkeling gereinig van 'n slegte gewete en die liggaam gewas met rein water.

1 Tim 1:18-20

¹⁸ Hierdie boodskap vertrou ek aan jou toe, my kind Timótheüs, ooreenkomstig die profesieë wat vroeër aangaande jou uitgespreek is, sodat jy daardeur die goeie stryd kan stry ¹⁹ en aan die geloof en 'n goeie gewete vashou. Sommige het dit van hulle weggestoot en aan die geloof skipbreuk gely, ²⁰ onder wie daar is Himenéüs en Alexander, wat ek aan die Satan oorgegee het, sodat hulle kan leer om nie te laster nie.

Han 24:16

Daarom oefen ek my ook om altyd voor God en die mense 'n rein gewete te hê.